
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** 100

**TYD:** 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word. Vermy sms-taal.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Jy moet ŉ streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer die skryfstukke korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe in VRAAG 1.1 tot 1.8.
- Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.
- By VRAAG 1.6, 1.7 en 1.8 moet jy jou eie TITEL gee. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.1 Dit was moeilik, maar ek moes hom/haar vergewe. **[50]**

1.2 Ek is gebore om 'n leier te wees. **[50]**

1.3 Die hoogtepunte van my skoolloopbaan. **[50]**

1.4 Ek sien uit na 2026. **[50]**

1.5 Regverdigheid is belangrik. **[50]**

1.6



[Bron: Pixabay images] **[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.7




[Bron: Pixabay images] **[50]**

1.8



[Bron: Google images] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**


SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **FORMELE KLAGTEBRIEF**

Jy het verlede week saam met jou ouma/oupa na ’n staatshospitaal gegaan. Dit was vir jou ’n groot skok om die omstandighede, fasiliteite en diens by die hospitaal te sien.

Skryf ’n FORMELE BRIEF aan die superintendent van die hospitaal waarin jy kla oor die toestand van die staatshospitaal. **[30]**

2.2 **RESENSIE**

Jy is ’n Tiktok-ster en die eienaar van ’n bekende eetplek het jou gevra om die eetplek te besoek en ’n resensie daaroor te skryf.

Skryf nou die RESENSIE oor die eetplek wat jy dan op jou Tiktok-blad sal plaas. **[30]**

2.3 **DIALOOG**

Jy wil graag ’n au pair na matriek word en het ’n telefoniese onderhoud vir ’n moontlike werk oorsee. Die onderhoud is met die ouer van die kinders wat jy moet oppas.

Skryf die ONDERHOUD in DIALOOGVORM tussen jy en die ma/pa neer. **[30]**

2.4 **AGENDA EN NOTULE**

Jy is sekretaris/sekretaresse van julle matriekdanskommitee wat fondse insamel om ’n geskenk vir die skool te koop. Julle reël ’n dans.

Skryf die NOTULE van die vergadering wat julle gehou het om die dans te bespreek.

Gebruik die volgende agenda om jou te lei.

- Kaartjieverkope
- Dekor
- Musiek
- Snoepie **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **PLAKKAAT**

Jy wil graag jou skool se matrikulante aanmoedig om hulle ou skoolskoene en skryfbehoeftes op die laaste dag van hulle matriekeksamen in 2025 aan die minderbevoorregte skole te skenk.

Ontwerp ŉ PLAKKAAT waarin jy hierdie projek adverteer. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het ŉ kans gewaag en die persoon wat jy in die geheim bewonder na ŉ Lentedans genooi.

Skryf nou TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

Eerste inskrywing VOOR jy die briefie/uitnodiging vir hom/haar gee.

Tweede inskrywing NADAT jy sy/haar antwoord ontvang het. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou vriend/vriendin gaan volgende jaar in ŉ vreemde stad woon en jy is bekommerd oor sy/haar veiligheid.

Skryf 7–10 INSTRUKSIES oor hoe om in ŉ vreemde stad veilig te wees puntsgewys, onder mekaar en in volsinne neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African